



1997/015589/06

✉ Posbus/PO Box 86, Upington, 8800
Epos/e-mail: grandville@klk.co.za

☎ 054-337 6200

☎ 086-540 7800

Karakoelstraat 14/Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za

13 Julie 2015

Geagte Aandeelhouer

Die goedkeuring om vrystelling van die Registrateur van Sekuriteite vir KLK-aandele om in die verhandelingskamer te verhandel het op 30 Junie 2015 verval. Die volgende prosedure vir die verhandeling van u KLK-aandele is van krag tot 'n alternatief vir die verhandeling van KLK-aandele, aangekondig word.

Verhandelingsprosedure – Effektief 1 Julie 2015;

1. 'n Voornemende verkoper dien 'n verkooptender (soos tans) in, om te verkoop. KLK plaas die aantal aandele en verwagte prys op die KLK-webtuiste onder die hofie "Aandele".
2. 'n Voornemende koper dien 'n kooptender (soos tans) in. KLK plaas die aantal aandele en verwagte prys op die KLK-webtuiste onder die hofie "Aandele".
3. KLK sirkuleer die lys van aanbiedinge (naam, aantal aandele en kontakbesonderhede) ontvang vanaf voornemende kopers en verkopers asook die laaste 3 maande se verhandelingspryse aan die kopers en verkopers en verwys na sekere statistiek op die KLK-webtuiste.
4. Die koper en verkoper onderhandel (telefonies, elektronies, of in persoon) die aantal aandele en die prys vir verhandeling.
5. 'n KLK-Transaksievorm word voltooi en deur beide die koper en verkoper onderteken. Die koper betaal die koopsom aan KLK, wat eSTT belasting (0.25% van die waarde van die transaksie) insluit en KLK registreer die verhandeling en betaal die bedrag oor aan die verkoper.
6. Dokumentasie om aan FICA vereistes te voldoen word voltooi en by KLK ingedien.
7. Voltooide sekuriteite oordragvorm (CM42) onderteken deur die verkoper en koper, word benodig.
8. Na afhandeling van die administratiewe proses reik KLK 'n bevestiging uit aan die koper/verkoper van die aantal aandele gekoop/verkoop in KLK en teken die transaksie in die aandeleregister aan.

Al die vorms wat u benodig is beskikbaar op die KLK-webtuiste www.klk.co.za of kontak Grandville Marquard of Anke Nagel by 054 337 6200 of epos aandele@klk.co.za in die geval van navrae in verband met u KLK-aandele.

KLK groete

.....
G Marquard
Maatskappysekretaris

DIREKTEURE / DIRECTORS :

JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), dr BP Botha (Alt. BP Botha), JM Bredenkamp, WSB du Toit, JAA Engelbrecht, A Human (Finansieel/Financial), FJ van der Merwe, SD van Huyssteen (Besturend/Managing).

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.